www.xtrapapers.com

Cambridge IGCSE

**Cambridge International Examinations**
Cambridge International General Certificate of Secondary Education

**FIRST LANGUAGE AFRIKAANS** **0512/01**

Paper 1 Reading **October/November 2016**

INSERT **2 hours**

*5304194850-I*

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

This Insert contains the reading passages for use with the Question Paper.

You may annotate this Insert and use the blank spaces for planning. This Insert is **not** assessed by the Examiner.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Die bylae bevat die leestekste.

Jy mag aantekeninge in hierdie bylae maak en die oop ruimtes gebruik om jou antwoorde te beplan.
Hierdie bylae word **nie** deur die eksaminator nagesien **nie**.

This document consists of **5** printed pages and **3** blank pages.

DC (CW) 120268/2
© UCLES 2016

CAMBRIDGE
International Examinations

www.xtrapapers.com



Teks A is geskryf deur Lizette Rabe, professor in joernalistiek aan die Universiteit van Stellenbosch. Sy reageer op ’n opname oor loopbane van die toekoms.

Lees teks A en beantwoord vraag 1 in jou vraestel.

**TEKS A**

## Mediasourus: Nooit!

Dis amptelik. Koerantjoernalistiek is nou een van die wêreld se vyf mees bedreigde beroepe. Maar lees weer. Dit sê koerántjoernaliste. Want dis koeránte wat bedreig word, nie joernaliste nie. Die werklikheid is dat joernaliste in hierdie tyd van ’n inligting-tsoenami belangriker is as ooit tevore.

Op daardie lysie van bedreigde beroepe van CareerCast.com is ook houtkappers. Koerante en papierpulp gaan immers saam. Ook drukkers moet begin uitkyk vir iets anders – ’n digitale wêreld beteken minder drukwerk op papier. (Indien jy belangstel: ook reisagente en meterlesers moet ’n plan maak.)

Terwyl koerante deur die tegnologie-revolusie bedreig word, is joernaliste ook in die visier totdat ’n doeltreffende digitale alternatief gevind word.

Dit bly ’n feit: Inligting is nodiger as ooit tevore; veral die soort gelewer deur professionele joernaliste: onafhanklik en geverifieer, en wat 24 uur per dag saam met hul gehore beweeg.

Onthou, papierkoerante is slegs ongeveer 200 jaar in gebruik, terwyl daar tog ook in die tyd vóór koerante nuus was – soos daar in die tyd ná koerante sal wees. En die mens is immers núúskierig. Ons wil wéét wat aangaan.

Daarom is dit interessant om te dink die tabletformaat is nie ’n nuutjie nie (jammer, Apple). Die Romeine het die “tablet” gebruik. Én met ’n skerp pen op die wasoppervlak geskryf. Op daardie “tablet” van meer as 2 000 jaar gelede het boodskappers die dag se nuus afgeskryf en met die nuus in ’n leersak na hul dorpies gedraf. Môre is die was gelyk gestryk vir nuwe nuus.

Die punt is dus, joernaliste se oorlewing is nie gekoppel aan koerante nie. Maar omdat ons nog nie ’n winsgewende sakemodel het nie, word hul bestaan wel bedreig. Daarom moet ons as joernaliste aanpas en nuwe, soepel soorte joernalistiek in digitale vorm lewer.

Dit weerklink in die woorde van Koos Bekker, vorige hoof van Naspers, wat die evolusieteorie betrek het: “Mense haal Darwin aan dat dit die sterkste is, die fiksste, wat oorleef. Maar dis nie wat hy gesê het nie. Hy het gesê dis diegene wat die soepelste is, wat kan aanpas by verandering, wat oorleef.”

Maar evolusie gebeur nie oornag nie. Terwyl koerante reeds nie winsgewend genoeg is nie, moet duur toerusting en verspreiding in stand gehou word terwyl die digitale model nog ontwikkel word. En daarom raak dit die oorlewing van die belangrikste skakel in dié ketting: die joernalis. Terwyl die papierkoerant sonder twyfel ’n mediasourus is, mag die spesie joernalis nie uitsterf nie.

Die Britse Guardian, wat reeds in 1821 gestig en een van die beste voorbeelde van uitnemende joernalistiek is, is moontlik ’n voorbeeld om te volg, want dit is ’n onderneming sonder winsbejag. In die digitale revolusie moet daar dalk vir eers nie verwag word dat nuus wins maak nie. Die fundamentele funksie van die joernalistiek is tog om waarde tot die samelewing toe te voeg. Dán eers om waarde tot die geldkoffers toe te voeg.

© UCLES 2016

www.xtrapapers.com



Juis daarom moet die spesie joernalis aanpas en nuwe maniere vind om die "storie van die dag" (die letterlike betekenis van joernaal, waarvan joernalistiek afgelei is) te vertel. Ons moet innoverend dink. Joernaliste moet, terwyl hulle neus op die grond stories uitsnuffel, ook nuwe geleenthede uitsnuffel oor hoe om te verseker dat die joernalistiek die inligtingstegnologie oorleef. Daarom dat die koerántdeel van koerantjoernalis kan uitsterf, maar nie die joernalís-deel nie. Slegs joernaliste met hul taal- en tegnologie-vaardighede kan gehalte-inligting verskaf.

Die allerbelangrikste: dat die joernalistiek ondanks al die uitdagings as bevredigendste beroep op aarde nie sal uitsterf nie. Ons móét 'n verskil maak in 'n wêreld van konflik en katastrofe. Want in wese is joernaliste idealiste. Om Tim du Plessis aan te haal toe hy hoof van Afrikaanse nuus by Media24 geword het: Sy droom as jong joernalis was die "universele droom van die meeste joernaliste": om die wêreld 'n beter plek te maak. "Dis steeds my droom."

*Uit: Die Burger, 24 Julie 2014*

www.xtrapapers.com



Teks B is geskryf deur Lynné Schoeman, ’n graad 12-leerder, wat meer wou uitvind oor wat ’n beroep as joernalis behels. Sy vertel van haar ervaring toe sy skaduwerk by ’n koerant gaan doen het.

Lees teks B en beantwoord dan vraag 2.

**TEKS B**

## Meer opwinding as ’n houtkapper

“Mamma, dit sê hier ’n biomediese ingenieur het een van die vyf beste beroepe ter wêreld.”

Terwyl my vriendin opgewonde verder met haar ma oor die foon gesels, neem ek die koerant by haar. En daar, onder die vyf slegste beroepe (net ná ’n houtkapper) sien ek dit: “koerantjoernalis”.

Vir ’n voornemende joernalis was dit soos ’n hou op die neus. Ek wou self gaan ondersoek instel.

Ek het nou wel in my lewe nog nie veel bome afgekap nie, maar as ek een ding uit my tydjie by *Die Burger* wys geword het, is dit dat die lewe van ’n joernalis beslis meer opwinding as dié van ’n houtkapper inhou.

Op ’n yskoue Maandagoggend stap ek die koerantgebou in Kaapstad binne. Op die sesde verdieping is die nuusredaksie reeds besig om dié dag se koerant deur te blaai. Nadat elke bladsy bestudeer is, kry elkeen om die ronde tafel ’n beurt om sy of haar volgende storie bekend te stel. Fotograwe en motors word gereël, en dan slaan elkeen sy eie rigting in.

’n Joernalis en ’n fotograaf het opdrag gekry om die terrein te gaan soek waarheen ’n klomp plakkers verskuif sou word. Die owerheid wou die ligging geheim hou sodat daar nie ook ander plakkers opdaag nie. So is ons toe daar weg, ek (die skaduwee) met ’n foto van ’n oop stuk land en vae aanwysings na die gebied op my skoot. Ons het gesoek en gesoek en was later op die punt om terug te draai, toe ons ’n paar polisiemotors en ’n groepie mense raaksien. Ons het in die gietende reën uitgeklim om met die bure van die intrekkers te praat. Hulle was kwáád. Ek het vinnig aantekeninge gemaak terwyl die joernalis stuk-stuk van die kommentaar op video vasgelê het.

Terug op kantoor word ’n kort opsomming vir die webwerf geskryf. Die video word geredigeer en opgelaai, en dan word die berig vir die volgende dag se koerant geskryf.

“Daar word van minder joernaliste verwag om meer te doen,” sê iemand later. Ek dink weer aan die bestuurder van Career.com wat gesê het joernaliste werk onder “geweldige druk” vir “baie min geld”.

“Jy weet seker jy gaan nie in hierdie beroep ’n miljoenêr word nie, nè?” sê-vra ’n joernalis laggend.

Te veel geld is ook nie ’n goeie ding nie. Vra jy die hofverslaggewers wat meestal die motief in moordsake is, antwoord hulle: “Geld.” Juis so ’n saak het gemaak dat ek (as skaduwee in die hooggeregshof) my vir die eerste keer in dieselfde vertrek as ’n moordenaar bevind. Nadat ons by ’n siviele saak was oor ’n haaikykerboot wat omgeslaan het, het ons oor middagete gaan luister tot wanneer ’n rusverstoorder se saak uitgestel is. Op pad na die volgende hofsaak het ek effens verdwaal en moes ek by ’n beampte in ’n uniform aanwysings vra. Ek is in by die deur en het ’n buiging in die rigting van die regter gemaak en gaan sit langs die joernalis, wat besig was om in haar 69ste notaboek dié jaar te skryf. Die atmosfeer was gelaai, nes die pistole van die polisiemanne hier skuins voor my. In die beskuldigdebank het die man gestaan wat van moord aangekla is. En ek het gewonder of ’n mens dit ooit sou vermoed het as hierdie ou in die straat by jou verbygeloop het.

www.xtrapapers.com



Buite die hof gesels ek met 'n fotograaf. "Dit is nie net 'n werk nie, maar 'n lewenstyl. Jou hele uitkyk is nuus-georiënteerd. Ons is maar bekommerd oor ons werksituasie."

Ton Vosloo, wat onlangs ná meer as 50 jaar in die mediabedryf afgetree het, het in sy afskeidsboodskap oor die toekoms van die joernalistiek gesê: "Die deugsame joernalis hou die toekoms van inligting in sy of haar hande. Inhoud in die diverse verpakkings is die sleutel tot die ontsluiting van wêreldkennis. En daarvoor het ons die skerpste intellekte nodig – die nuuskieriges, die geesdriftiges en diegene vol stamina."

"So," vra 'n fotograaf, "is jy reg om die wêreld se probleme op te los, terwyl jy sukkel om jou huur te betaal?"

Hmmm, dink ek, dit sal dálk net die moeite werd wees. Dit was nog nooit my droom om 'n biomediese ingenieur te word nie.

*Uit: Jip, Die Burger, 4 Augustus 2014*

© UCLES 2016 

www.xtrapapers.com



**BLANK PAGE**

© UCLES 2016 

www.xtrapapers.com



**BLANK PAGE**

© UCLES 2016 

www.xtrapapers.com



BLANK PAGE

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge International Examinations Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cie.org.uk after the live examination series.

Cambridge International Examinations is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is itself a department of the University of Cambridge.

© UCLES 2016